Rietvallei

Buffelspoort

18-20 September 2020

Met die inperking wat nog maar stadig aan't lig was, hoor die Pieter's dat Buffelspoort nog nie op die Rietvallei-beoogde-jaarplan-teikendatum oop vir gebruik sou wees nie, maar darem 'n week later. Met inaggenome die aangekondigde heersende ordebevel van die SAWA Toplotte oor die algehele opskorting van kampaktiwiteite en die versugting om die waens se wiele weer rond te rol, word die aanbod om die nuwe datum te gebruik redelik goed ontvang; so 10 waens goed.

Mens was maar so 'n bietjie lugtig vir die COVID-19 reëls wat steeds gegeld het. Maskers heel tyd dra behalwe moontlik in jou wa? Geen fisiese aanraking en veilige afstande handhaaf? Ek kon al sien hoe hou ons boekevat op 'n WhatsApp-groep. Buurmanbraai is maklik; die Voorbok (Geen Voorsitters want dié was nog ingeperk) waai-skud 'n boksie vuurhoutjies op die bestemde tyd rond om die begin van die buurmanbraai aan te kondig. Wanneer die Voorbokbraaier dan sy laaste worsie van die vuur haal en soos 'n trofee met 'n swierige boog bokant sy kop swaai, sou dit die teken wees dat etenstyd aangebreek het.

Gelukkig was dit darem nie so erg as verwag nie. Die ontvangsprosesse is sommer by die buitenste hek afgehandel en dit was nie nodig om by die kantoor aan te meld nie. Besoekers kon ingevulde vraelyste inhandig (of invul as nodig). Nadat temperature (koors) gemeet is, is die oorddokumentasie voltooi en dan kampplek toe. Die kamphelpers was beskikbaar en buurvriende het mekaar gehelp om waens op die regte plekke te kry.

Sosiale afstand hou, is die in-ding deesdae en dit het makliker gegaan as verwag. SAWA (so word daar vertel) staan vir "Soen Almal Wat Aankom". Maar nee, nie die keer nie! Almal is hoflik gegroet op 'n relatiewe "veilige" afstand. Maskers is meesal gedra in areas weg van die woonwaens. In elk geval, 10 woonwaens se inwoners wat in 'n groot kring sit, het reeds redelike ruim sosiale afstande tot gevolg; ver genoeg om "infeksie veilig" te wees, maar naby genoeg om die gesprek oorkant die kuierkring redelik maklik te kan volg.

Personeel het deurgaans maskers gedra en was 'n voorbeeld vir menige besoeker. Die oord se mense was algemeen sigbaar en het deur die terrein rondbeweeg besig met take of om toe te sien dat alles in orde is. Die gebruik van bromponie-skoeter-

motorfietsies-sonder-pizza-bokse help baie dat personeel nie te veel energie vermors om voor die einde van die dag te gaan staan met pap batterye nie (Dis nou as die batterylaaiers werk).

Restaurantfasiliteite was beperk en die winkel het wasgoedknippies gebruik om te verseker dat daar nie te veel mense op 'n slag in die winkel is nie. Die swembaddens is goed besoek en teen Saterdag 11:00 was al die wasgoedknippies in die winkel op en die swembaddens vol gaste. Die onderdakswembad was beperk to 50 gebruikers op 'n keer en die beperking was betreklik onopsigtelik gehandhaaf. Die oord het 'n goeie besetting gehad en het mynsinsiens 'n suksesvolle naweek aangebied. Die blou ape was weer aan diens, hoewel hulle nie by ons kom kuier het nie (onthou jou kettie, Oom!).

Die verrassing van die naweek was die kleinspan wat kom saam kamp het. Die 5 het gespeel en baljaar en het mekaar se (nuwe) speelgoed ontdek. Veral die lekker rooi sand het baie nuttig te pas gekom. Daar was 'n kraan sommer lekker naby, totdat Ouma-2 die kraan buite werking gestel het. Van die maters was nié beïndruk nie.

Die afwesigheid van plaatjies was eintlik maar die enigste onderskeid tussen 'n SAWA kamp en die afgelope Vriende-van-die-ronde-wiele kamp. Daar het niks kortgekom nie. Die Vriende het lekker gekuier, veral na ete saans. Die weer was besonder aangenaam, met geen temperatuur uiterstes nie. Só kan mens weer kamp!

Mooi loop tot die volgende kamp.